# Belangrike Inligting

**34. ONDERRIGFOOIE – 2020**

**Graad R**




Totaal vir jaar: R21 605
- 5% afslag indien totaal ten volle betaal teen 29 Februarie 2020 (totaal vir jaar R20 525)
- Paaiement 1* Voor of op – 7 Jan 2020- = R2 555 pm
- Paaiement 2 tot 11 – Feb tot Nov = R1 905 pm (10 maandelikse paaiemente vooruit betaalbaar nie later as  7 de van elke maand nie.)
  * Paaiement 1 is van toepassing ongeag datum van inskrywing

**Graad 1 tot 7**

Totaal vir jaar: R16 600
- 5% afslag indien totaal ten volle betaal teen 29 Februarie 2020 (totaal vir jaar R15 770)
- Paaiement 1* Voor of op – 7 Jan 2020 = R2 100 pm
- Paaiement 2 tot 11 – Feb tot Nov = R1 450 pm (10 maandelikse paaiemente vooruit betaalbaar nie later as 7 de van elke maand nie.)
  * Paaiement 1 is van toepassing ongeag datum van inskrywing

**3e en 4e leerders in gesin** - gehef teen 75% van skoolfooi (Graad R uitgesluit)
Totaal vir jaar R12 455 per leerder
10 maandelikse paaiemente:
- Paaiement 1 teen 7 Jan 2020 = R1 575
- Paaiement 2 tot 11 – Feb tot Nov = R1 088 (10 maandelikse paaiemente vooruit betaalbaar nie later as 7 de van elke maand nie.)

**Naskool**

Betaalbaar oor 11 maande (Jan - Nov)

1 Leerder = R910 / 2 Leerders = R1 600 / 3 Leerders = R2 275




**Bankbesonderhede:**

Rekeninghouer: Primêre Skool Swartkop
Bank: ABSA
Takkode: 33 54 45
Tipe rekening: Tjek
Rekeningnommer: 16606 700 48
Verwysing: Familiekode + (*waarvoor betaal bv. Regestrasie, skoolfooi ens)
U familiekode is verkrygbaar by die adminkantoor. Gebruik asb korrekte verwysing om tye verhoed dat u betaling verkeerd geallokeer word. Alle gelde betaalbaar teen nie later as die 7de van elke maand.

**34. Swarrie Karnallies Naskoolsentrum**

Die Naskool toesigsentrum van Laerskool Swartkop is onder die beheer van Mnr. A Korf en Me. E Geerlings. Naskool personeellede neem verantwoordelikheid vir die dag tot dag funksionering van die naskoolsentrum.
Naskooltye: 13:00 tot 17:30
Naskoolhoof: Sanet Taljaard 072-735-4247
Naskoolnommer: 082-332-4036

**Lw: Gesluit gedurende vakansies**.
Aansoekvorms beskikbaar by Administratiewe Kantoor.

# Wenke aan ons ouers...

**Wenke aan ons ouers sodat ons saam ons leerlinge gelukkig en geborge kan hou!**

- Maak elke dag tyd om sy/haar ervarings te deel.
- Benader ongelukkige voorvalle positief en stel 'n alternatief.
- Wees altyd lojaal teenoor jou kind se onderwysers en die skool: Ons kan saam probleme oplos.
- Besorg jou kind betyds by die skool. Hulle beleef spanning as hulle laat is.
- Merk asseblief alle items, klere sowel as skryfbehoeftes, afsonderlik. Dit vergemaklik die soektog na verlore items.
- Wees met elke moontlike geleentheid betrokke by die skool. U kind is baie trots om u betrokke te sien en dit verhoog sy selfbeeld.
- Waardeer alle pogings van u kind se skoolwerk. Moedig aan om te verbeter waar nodig. Vermy onnodige kritiek.
- Gedissiplineerde kinders voel veilig. Hou konsekwent by basiese reëls. Dit sterk die personeel se hande.
- Kyk gereeld op D6 kommunikeerder vir kennisgewings en omsendbriewe.
- Leerlinge van ander skole sal per epos / sms in kennis gestel word van klasindelings.
- Leerlinge sal met die uitdeel van rapporte reeds in kennis gestel word in wie se klas die leerling gaan wees.

## Alles wat die eerste dag gebeur:

- Met aankoms meld aan in jou klas. Indien jy nie weet nie, kom asseblief saal toe.
- Bring al die gemerkte skryfbehoeftes skool toe.
- Kom kaalvoet want ons oefen atletiek.
- Ma-hulle moet ons betyds kom haal 12:55.